# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -32/2023 – Februarie 2023*

## Braaiarea en koffiewinkel:

Hierdie fasiliteite is nou klaar. Dis 'n groot bate vir ons oord en ons is trots daarop.

Ons agt openingsgeleenthede is ook afgehandel en dit was 'n fees.

Maak gebruik van ons braaiarea en koffiewinkel. Vir inwoners en eienaars is die gebruik hiervan gratis. U as inwoner/eienaar is verantwoordelik en indien skade aangerig word sal u aanspreeklik gehou word tot die bybetaling van die versekering (Tans R1000)

Pas dit mooi op, hou dit so skoon moontlik, laat dit in die toestand waarin u dit gevind het.

As u kom braai kan u met kombuis reël om dit vir spysenering en om dit vir u te organiseer. Dit kan net eetgoed wees of ook borde, glase, messegoed, hout, kole, bediening ens. Reël net betyds en verkry kwotasie vir wat u nodig mag kry.

U kan die braai ook kombineer met koffie en koek in die koffiewinkel na die tyd.

U mag ook u eie eetgerei en alle ander benodigdhede gebruik.

<u>U moet net tydig bespreek</u>. Besprekings is by die kombuiskantoor (Kagiso). Laat weet wat die aantal verwagte gaste is. Tot by 40 gaste is daar geen probleem nie, meer as 40 moet u asseblief seker maak dat genoeg stoele en tafels beskikbaar sal wees.

As u minder as 20 gaste verwag kan dit wees dat daar nog 'n ander funksie terselfdertyd kan plaasvind. Maak seker u kry wat u soek.

As u onverwags oor 'n naweek die fasiliteit wil benut, bel of doen navraag by die koffiewinkel om uit te vind of dit beskikbaar is.

## Nuwe Kombuis stelsel.

Verpligte etes is nou verminder van 15 per eenheid na 8 per eenheid.

Hier volg enkele voorbeelde van die effek hiervan.

| Huidige situasie | |
|---|---|
| 15 etes teen R60.70 | 910.50 |

**Alternatief een**

| U kan soos volg kies | Nuut | Tans | Spaar |
|---|---|---|---|
| 8 etes teen R60.00 | 480.00 | | |
| Koop 7 etes teen R42 | 294.00 | | |
| 8 verpligte en 7 ekstra etes | 774.00 | 910.50 | 136.50 |

**Alternatief twee**

**Boek eers al die R60 etes Woensdae en Sondae**

**Maart het 5 Woensdae en 4 Sondae**

| As u soos volg kies | Nuut | Tans | Spaar |
|---|---|---|---|
| Dan is dit 9 maal R60 | 540.00 | | |
| Plus 6 maal 42 | 252.00 | | |
| Totaal 15 etes | 792.00 | 910.50 | 118.50 |

**Alternatief drie**

**Neem al 31 etes**

| Eet elke dag | Nuut | | Tans | Spaar |
|---|---|---|---|---|
| 9 maal R60 | 540.00 | **15*60.70** | 910.50 | |
| 22 maal R42 | 924.00 | **16*37.40** | 598.40 | |
| Totaal 31 etes | 1464.00 | | 1508.90 | 44.90 |

**Verpligte etes kan ook gebruik word vir 'n HEFFINGONTBYT. Aparte spyskaart sal hiervoor beskikbaar wees.**

Aflewering sal R4 per eenheid per dag wees. Daar sal uitsonderings gemaak word waar afhaal of aansit onmoontlik is vanweë gesondheids of mobiliteits redes. Dit moet egter deur Dr of  oordsusters skriftelik voorgelê word.

### Balkonne en stoepe by woonstelle:

Daar is vergader met Blok B belangstelling was teleurstellend. Opvolg vergadering word beplan en daarna sal ’n finale beleid opgestel en TOEGEPAS word.

## Ons haarsalon:



Silver Violet Studios Haarsalon wil graag aankondig dat die salon elke Maandag oop sal wees vanaf 6 Maart. Baie dankie vir al ons kliente se getroue ondersteuning, en ons vertrou dat ons meer inwoners van Bougainvilla kan verwelkom met die gerief en beskikbaarheid van Maandag dienste. Bel die salon by 7019 vir jou afspraak by Nelda of Santie

## Sekuriteit.

Hekke aan beide buitekante word nou standaard toegehou. Dis veiliger. Daar was geen voorvalle by ons gewees nie. Maar na aanleiding van gebeure iewers in JHB het ons besluit dis ’n beter praktyk. Af en toe se tydelike ongerief kan beter verduidelik word as ’n ernstige sekuriteits aanval of ongeval.

## Ons Eetsaal

Daar is steeds slegs op Woensdae, Vrydae en Sondae twee sessies vir aansit etes in die eetsaal.

### DIE NOODNOMMER

Na ure en oor naweke is die noodnommer. Die mense op diens sal kontak opneem met die nooddienste soos benodig, loodgieter, elektrisien ens

# 064 812 0093

Vir Ambulans en siektes is die nommer

# 086 011 2911

Sit hierdie nommers in ’n foon sodat dit geredelik beskikbaar is indien benodig.